SimpleStudy®

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2014

# EKONOMIE V2 MEMORANDUM

**PUNTE: 150**

Hierdie memorandum bestaan uit 13 bladsye.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

### 1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

1.1.1 A (Dalende nut) √√

1.1.2 C (Inkome Elastisiteit) √√

1.1.3 A (Styging in prys van 'n produk en toename in vraag na die substituutproduk) √√

1.1.4 C (marginale koste) √√

1.1.5 B (Verhoogde misdaad aanmeldings) √√

1.1.6 A (handelsblokke) √√

1.1.7 B (Internasionale Monetêre Fonds) √√

1.1.8 C (Oormatige verbruik) √√ (8 x 2) (16)

### 1.2 PASITEMS

1.2.1 F (Mense wat nie in hulle basiese behoeftes kan voorsien nie.)√

1.2.2 D (Europese Unie, BRICS, NAFTA) √

1.2.3 A (Fasiliteer internasionale handelsooreenkomste, tariefbeleide en beproef intellektuele eiendom.) √

1.2.4 G (Was in Suid-Afrika gehou) √

1.2.5 C (Reaksie van hoeveelheid gevra van een produk op 'n prysverandering van 'n ander produk.) √

1.2.6 E (Voorkom 'n entrepreneur om sy besigheid te sluit) √

1.2.7 H (Zero elastisiteit van vraag) √

1.2.8 B (Prys vermenigvuldig met hoeveelheid) √ (8 x 1) (8)

1.3 1.3.1 Verwoestyning √

1.3.2 Globalisering √

1.3.3 Eenheid elastisiteit/elastisiteit van een √

1.3.4 Wins √

1.3.5 Skaalvoordele √

1.3.6 Ekonomiese wins √ (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

## VRAAG 2

2.1 2.1.1
- Beskikbaarheid van naby substitute √√
- Aard van produkte √√
- Gewoontevormende produkte √√
- Gedeelte van inkome wat op hierdie produkte bestee word √√
- Duursaamheid van die produk √√
- Tyd √√
- Moontlike gebruike √√
- Graad van noodsaaklikheid of luuksheid √√ (2 x 1) (2)

2.1.2 *Verduidelik die wet van dalende opbrengs.*
Wet van dalende opbrengs stel dit dat as meer van 'n veranderlike inset by 'n vaste inset gevoeg word, sal die opbrengs van die veranderlike inset afneem. √√ (1 x 2) (2)

2.2 2.2.1 Pryselastisiteit van aanbod meet die reaksie van hoeveelheid aangebied op die verandering in prys. √√ (2)

2.2.2

$$PeA = \left(\frac{\text{\% verandering in hoeveelheid aangebied}}{\text{\% verandering in prys}}\right) \surd$$

<u>Persentasie verandering in prys van kaas</u>

$$= \left(\frac{R49 - R35}{R35}\right) \times 100 = 40\% \surd$$

<u>Persentasie verandering in hoeveelheid kaas aangebied</u>

$$= \left(\frac{252 - 200}{200}\right) \times 100 = 26\% \surd$$


$$PeA = \left(\frac{26\%}{40\%}\right) \surd$$

$$= 0{,}65 \surd\surd$$ (6)

2.2.3
- Vaste insette verander nie oor die korttermyn nie; daarom kan 'n verskaffer uitset verhoog deur slegs die veranderlike insette te gebruik. √√
- 'n Vaste produksiefaktor soos grond en ander gespesialiseerde kapitaaltoerusting is duur. √√ (1 x 2) (2)

2.3 2.3.1 Komplementêre produkte is verskillende produkte wat gelyktydig gebruik word om 'n behoefte te bevredig, √√
bv. tennisbal en 'n tennisraket. √
(Aanvaar enige toepaslike voorbeeld)
(Definisie 2 punte, voorbeeld 1 punt) (2)

2.3.2




(6)

2.3.3
- Stel produsente in staat om te voorspel watter invloed ’n prysverandering in komplimente op die vraag na hul produk sal hê. √√
- Hulle sal dan maatreëls kan instel om die uitwerking van die prysverandering teen te staan in ’n poging om te probeer om hulle wins te maksimeer. √√
- Bv. koste-effektiewe maatreëls soos om meer uitsette te produseer met dieselfde aantal insette. (Enige 1 x 2) (2)

2.4
- Bevrediging is abstrak omdat nut nie gemeet kan word nie √√ – daar is geen standaard manier om iemand se bevrediging of nut te meet nie, daarom ken ekonome soms eenvoudig net na ’n waarde toe en noem hierdie maateenheid “utils”. √√
- Nut is subjektief √√ – omdat dit van persoon tot persoon verskil, √√ – die bevrediging wat twee mense verkry uit die verbruik van dieselfde produk verskil, afhangende van persoonlike voorkeure √√ bv. sommige mense sal voel dat roomys groot nut het, terwyl ander weer koeldrank sal verkies. √√
- Nut verskil van een situasie tot ’n ander /(van tyd tot tyd) √√ – bv. warm klere verskaf bevrediging in die winter in teenstelling met somer √√
- Nut verskil van plek tot plek √√ – ’n swembroek sal bevrediging bied op ’n strand, maar nie ’n klaskamer nie. √√ (2 x 4) (8)

2.5
- Deel ’n produsent mee daar ’n reaksie op elke aksie is. √√
- Deur pryselastisiteit van vraag te bestudeer, kan ons voorspel wat die prysverandering vir produsente sal wees. √√
- Pryselastisiteit van vraag is bruikbaar om besighede te help besluit hoe om hulle totale inkome te verhoog. √√
- Om sy totale inkome te laat styg, kan die produsent (1) die prys verhoog om hoër inkome per produk te ontvang; √√ en (2) die prys verlaag om die hoeveelheid verkoop te verhoog. √√
- As die kopers sensitief is teenoor die prys (elastiese vraag), sal hulle meer koop as die prys daal, √√ so die produsente behoort die prys te verlaag. √√

- As die kopers nie sensitief is teenoor die prys nie (onelastiese vraag) sal hulle nie minder koop nie, selfs al styg die prys, √√ so die produsente behoort pryse te verhoog. √√
- Om verkope te verhoog, verhoog die prys wanneer die vraag onelasties is, √√ of verlaag die prys wanneer die vraag elasties is. √√
- Produsente wil weet hoe sensitief die markaanbod is tot prysverandering in die prys van die produk. √√ (4 x 2) (8)

**[40]**

## VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

3.1 3.1.1
- Wêreldberaad vir Volhoubare Ontwikkeling 2002 √
- Die Kyoto-protokol √
- Die millennium ontwikkelingsdoelwitte √ (2 x 1) (2)

3.1.2 Absolute voordeel verwys na die vermoë van ’n individu, besigheid of land om meer van ’n goed of diens te produseer as wat mededingers kan, deur dieselfde aantal hulpbronne te gebruik. √√
(Aanvaar enige toepaslike verduideliking.) (1 x 2) (2)

3.2 3.2.1 Stel armoede voor. √√ (2)

3.2.2
- **Werkloosheid**: Siektes verminder die hoeveelheid werk wat siek mense kan behartig, wat hul inkome laat daal en hulle meer armoedig maak. √√
- **Gebrek aan onderwys**: dit weerhou mense van ordentlike werke wat hulle en hul gesinne van armoede sal verlos. √√
- **Globale finansiële krisis**: Arm lande het nie geld vir investering, wat belangrik is vir ontwikkeling en groei nie; dit verbreed die gaping tussen die rykes en die armes. √√
- **Gebrek aan produktiewe hulpbronne**: In arm lande is daar nie genoeg produktiewe hulpbronne om ’n volhoubare lewensbestaan te verseker nie. √√
- **Wan-funksionele regerings**: Baie regerings het hul eie ongeluk geskep en ’n gebrek aan fisiese en sosiale infrastruktuur kan verlammend wees vir die armes. √√
- **Omgewing en klimaatsverandering**: Toenemende droogte, oorstromings en klimaatsveranderende patrone vereis ’n verandering in oeste en boerderypraktyke, wat mense dalk nie maklik kan doen nie. Arm mense is yl toegerus om aan te pas by veranderende reënvalpatrone. √√
- **Oorlog en konflik**: ’n Groot gedeelte van vandag se globale armoede word aangetref in oorlog verskeurde en na-konflik lande.

(Enige 2 x 2) (4)

3.2.3 Oos-Kaap √√
KwaZulu-Natal √√ (4)

3.3 3.3.1
- Noord-/Suid-verdeling √√
- Lande van die Suid-verdeling het minder nywerhede as dié van die Noord-verdeling terwyl diegene in die Suide afhanklik is van lande in die Noorde. √√ (Aanvaar enige toepaslike antwoord.)

(1 x 2) (2)

3.3.2 Afrika √√ (2)

3.3.3
- **Kapitalisme**: √ Is bekend dat dit lei tot ongelykheid omdat dit gebaseer is op winsmotief en die versameling van welvaart. √√
- **Globalisering**: √ Leidende oorsaak van ongelykheid regoor die wêreld. Sommige ontwikkelde lande buit arm lande uit tot die punt waar ontwikkelende lande begin afhanklik raak van die ontwikkelde lande vir oorlewing. √√
- **Immigrasie**: √ As immigrasie-patrone tussen lande ongelyk is, lei dit tot ongelykheid. √√
- **Koers van ontwikkeling**: √ Lande van die Noord-verdeling en Suid-verdeling het verskillende vlakke van ekonomiese groei. 'n Stadige koers van ontwikkeling verwys na ontwikkelende of onderontwikkelde lande in die Suid-verdeling, terwyl 'n hoë koers van ontwikkeling na die Noord-verdeling te verwys. √√
- **Ontstaan van ekonomiese magte**: √ Ontwikkelde lande met toegang tot kapitaal verkry ekonomiese mag. Hulle kan goedere meer doeltreffend produseer, nuwe tegnologieë ontwikkel en produseer en voer meeste goedere uit na die ander lande. √√ Die mededinging tussen opkomende mags-ekonomieë, maak dit moeilik vir ontwikkelende ekonomieë om te oorleef. √√
- **Internasionale infrastruktuur**: √ Lande van die Noord-verdeling het die meeste vervoerstelsels. √√ Internasionale kommunikasie netwerke is bykans heeltemal onder die beheer van die lande van die Noord-verdeling verdeel en die Suid-verdeling betaal baie vir hierdie dienste. √√
- **Nuwe tegnologieë**: √ Die navorsing, ontwikkeling en produksie van nuwe tegnologieë is in die hande van groot korporasies in die Noord-verdeling. √√
- **Finansiële hulp en skuld:** √ Baie lande in die Suid-verdeling verkry fondse of krediet van ryk lande in die Noord-verdeling, gewoonlik teen hoë rentekoerse. √√ Hierdie hoë rentekoerse veroorsaak skuld om op te hoop, leners betaal meer terug as wat hulle in die vorm van investering ontvang het. √√ (Enige 3 x 2) (6)

3.4 *Bespreek kortliks enige TWEE eienskappe van globalisering.*

- **Wêreldmarkte word gevestig** √√ waar goedere en dienste vryelik tussen lande verruil kan word. √√
- **Handel het oop en vry geraak** √√ wanneer handelsbeperkings soos tariewe verwyder word. √√
- Globalisering moedig die **vrye vloei van investering** √√ tussen lande aan en daar is vrye beweging van kapitaal en finansies regoor die wêreld. √√
- **Ekonomiese integrasie** √√ is nodig en geen land kan op sy eie oorleef nie; verskillende lande en ekonomieë is interafhanklik. √√
- **Die beweging van mense en goedere** √√ regoor die nasionale grense word ondersteun deur die ontwikkeling van vervoer en kommunikasie. √√
- Alle lande het **toegang tot die goedkoopste en beste kwaliteit** √√ produkte.
- Reuse-internasionale samewerking speel 'n belangrike rol in wêreld-handel. √√ (Enige 2 x 4) (8)

3.5 *Ontleed enige VIER maniere wat deur die Suid-Afrikaanse regering gebruik kan word om armoede te verlig.*

- **Basiese inkome sekuriteit**: √ Verskaf veiligheidsnette √
- **Basiese dienste** √ en ander nie-finansiële oordragte en ander nie-finansiële oordragte in die vorm van sosiale lone en toelaes bestaande uit gratis basiese munisipale dienste. √
- **Sosiale insluitings inisiatiewe**: √ Om 'n inklusiewe gemeenskap te verseker. √
- **Menslike hulpbronontwikkeling**: √ Investering in gesondheid en onderwys. √
- **Skepping van ekonomiese geleenthede**: √ Om te verseker dat die ekonomie geleenthede vir arm huishoudings skep om 'n beter inkome te verdien. √
- **Toegang tot bates:** √ Spesifiek behuising, groen en kapitaal insluitend openbare infrastruktuur. √
- **Verbeter gesondheidsorg**: √ Verseker dat arm kinders gesond groot word. √
- **Omgewingsvolhoubaarheid**: √ Keer omgewingsdegradering om, bevorder eko-toerisme, reageer op klimaatsverandering en ontmoedig doeltreffende en volhoubare uitbuiting van die omgewing. √
- **Goeie regering**: √ Direkte inmenging in die voorsiening van inligting, fasiliteer deelnemende demokrasie, pro-armoede beleide en goeie makro-bestuur en vennootskappe/solidariteit. √ (4 x 2) (8)

**[40]**

## VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

4.1 4.1.1
- Om wins te maak √
- Oorlewing van die besigheid √
- Maksimeer inkome √
- Maksimeer verkope √
- Stel doelwitte vir groei. √ (2 x 1) (2)

4.1.2 Eksplisiete koste is al die uitgawes wat ’n besigheid moet betaal vir die gebruik van produksiefaktore. √√ (2)

4.2 4.2.1 *Noem enige TWEE voorbeelde van veranderlike koste.*
- Elektrisiteit √
- Water √ (Aanvaar enige toepaslike antwoord) (2)

4.2.2 *Verduidelik die vorms van die gemiddelde totale koste (GTK) en gemiddelde veranderlike koste (GVK) en marginale koste (MK).*
- Die MK, GVK en GTK is in ’n U-vorm. √√
- As die aantal eenhede toeneem van nul, begin dit by hoë waardes √√ neem af teen ’n dalende koers en bereik minimum punte √√ en dan styg dit teen ’n toenemende koers. √√
- Marginale koste sny ook die gemiddelde totale koste en gemiddelde veranderlike koste by hulle minimum waardes. √√

(Enige 3 x 2) (6)

4.2.3 *Hoekom is gemiddelde totale koste belangrik?*
Gemiddelde totale koste is belangrik omdat:
- Dit die koste per eenheid gee .√√
- Dit gebruik word om te bepaal (wanneer vergelyk word met gemiddelde inkome). √√ (Enige 1 x 2) (2)

4.3 4.3.1 B – Brasilië √; R – Rusland √; I – Indië √; C – Sjina √; S – Suid-Afrika √ (5)

4.3.2 Die hoofdoel is om die handel tussen die lidlande (BRICS) te bevorder. √√ (2)

4.3.3 *Wat, volgens die uittreksel, is die ooreenkomste wat aangegaan is in Durban?*
- Herverseker hulle ondersteuning vir volhoubare infrastruktuur ontwikkeling, sowel as nywerheidsontwikkeling. √
- Werkskepping √
- Vaardigheidsontwikkeling √
- Voedsel- en voedingsekuriteit √
- Armoedeverligting √
- Volhoubare ontwikkeling in Afrika √ (Enige 3 x 1) (3)

4.4 *Onderskei tussen produktemarkte en faktormarkte.*

*Faktormarkte*:

- Markte vir produksiefaktore. √√
- Elke produksiefaktor word in ’n verskillende mark verkoop. √√
- Die prys van elke produksiefaktor word bepaal deur die interaksie van vraag en aanbod. √√
- As die aanbod of een produksiefaktor verander, beïnvloed dit die res van die faktormark sowel as die produktemark. √√

*Produktemark:*

- Markte vir goedere en dienste. √
- Produktemark word verdeel in kapitaalgoedere mark, verbruiksgoedere mark en die dienstemark. √√
- As vraag na ’n produk of diens toeneem, sal die vraag na die produksiefaktore ook in die faktormark toeneem. √√
- ’n Verandering in die produktemark beïnvloed die vraag in ander markte. √√ (8)

4.5 *Verduidelik die implikasies van ‘nie-prysmededinging’ in oligopolieë.*

- Oligopolieë neig om nie kragtens die prys van produkte mee te ding nie.√√
- Besighede raak betrokke in nie-prys mededinging deur middel van advertensies, produk differensiasie, om markaandeel te verkry. √√
- Hulle probeer hul produkte onderskei van dié van ander besighede ten einde ’n mededingende voordeel te verkry. √√
- Besighede probeer prysmededinging verhoed omdat dit die winsgewendheid van verskillende besighede kan laat daal. √√
- Vorme van nie-prysmededinging sluit in: skep van handelsmerk-lojaliteit; √√ verlengde winkelure; √√ doen van sake oor die internet; √√ na-verkope diens; √√ lojaliteit-belonings aan klante; √√ ens. (4 x 2) (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTETOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding** | Maks. 2 |
| **Inhoud** | |
| **Hoofgedeelte:** Bespreek in besonderhede/In-diepte bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/Differensieer/ Ontleed/Vergelyk/Evalueer/Assesseer/Debatteer | Maks. 26 |
| **Addisionele deel:** Gee eie mening/Bespreek krities/ Evalueer/Evalueer krities/Teken 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/ Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/Vergelyk/ Verduidelik/Onderskei/Interpreteer/Debatteer kortliks | Maks. 10 |
| **Slot** | Maks 2 |
| **TOTAAL** | **Maks. 40** |

## VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE

Bespreek in detail die kenmerke van 'n volmaakte mark.

Lig kortliks uit hoe die volmaakte mark van die monopolistiese mark verskil.

### INLEIDING

Volmaakte markte is markte wat nóg die individuele produsent nóg die individuele verbruiker 'n invloed op pryse het. Daar is geen voorkeur waar iemand die produk koop of verkoop nie, want al die produkte is dieselfde. √√

(Aanvaar enige toepaslike inleiding) (2)

### INHOUD

Eienskappe van volmaakte markte

**Groot aantal kopers en verkopers** √ wat nie pryse kan beheer nie, bestaan: daar is baie kopers en verkopers in die mark in dié sin dat elkeen 'n prysnemer is. √√ Geen individuele koper of verkoper kan die prys beïnvloed nie. √√
**Produkte is homogeen**: √ Dit beteken produkte is van dieselfde soort, kwaliteit en voorkoms. √√
**Die mark is onpartydig en onpersoonlik**: √ Geen verkoper het 'n voordeel bo 'n ander nie; kopers gee nie om van wie hulle koop nie. √√
**Vryheid van toe- en uittrede**: √ Die mark is totaal toeganklik, geen regs-, finansiële of tegnologiese hindernisse kan die vryheid van toe- en uittrede beperk nie. √√
**Kopers en verkopers het volmaak/volledige kennis**: √ Kopers het volledige kennis oor die prys, kwaliteit en beskikbaarheid van goedere en dienste. √√ Verkopers het volledige kennis oor produksiekoste en markgeleenthede. √√ As verkopers pryse verhoog, sal kopers weet en by 'n ander verkoper koop wat nog laer prys vra √√
**Daar is hoë uitset en wye keuses**: √ A.g.v. baie verkopers, kan verbruikers rondkyk en koop by wie hulle wil. √√ Daar is geen tekorte nie omdat as een verkoper uittree sal baie ander verkopers nog voortbestaan. √√

Kopiereg voorbehou 

**Ongereguleerde markte**: √ ’n Ongereguleerde mark beteken dat die regering nie inmeng in die mark nie. Besluite word oorgelaat aan individuele produsente en verskaffers asook kopers.
**Geen samespanning**: √ Gebeur wanneer verkopers en kopers ’n ooreenkoms/reëling aangaan om mededinging te beperk √√ (Enige 26) (26)

**ADDISIONELE GEDEELTE**
*Beklemtoon kortliks hoe die volmaakte mark van die monopolistiese mark verskil.*

- Die baie verkopers in ’n monopolistiese mark het markkrag, anders as diegene in ’n volmaakte mark. √√
- Produkte wat in ’n monopolistiese mark verkoop word, is gedifferensieerd. √√
- Produkte is dus heterogeen √√ anders as in die geval van volmaakte mark waar die produkte homogeen is. √√
- Gedifferensieerde produkte verskil van mekaar deur verskille in bestanddele, verpakking, handelsmerk, kleur, soms selfs vorm. √√
- Aangesien besighede heterogene produkte verkoop, het hul ietwat beheer oor die prys van die produk √√ en is hulle prysmakers teenoor die volmaakte mark waar hulle prysnemers is. √√
- Die vraagkurwe van ’n monopolisties mededingende besigheid hel afwaarts terwyl dié van ’n volmaak mededingende besigheid horisontaal is. √√ (Enige 10) (10)

**SLOT**

Volmaakte markte is werklik skaars en daar is ’n baie dun lyn tussen volmaakte markte en monopolistiese markte. √√ (Aanvaar enige ander toepaslike slot) (2)
**[40]**

**VRAAG 6**

*Die omgewing is ’n waardevolle hulpbron en ons as lede van die gemeenskap het ’n plig om goed daarna om te sien.*

*Verduidelik ten volle die verskeie metodes om die omgewing te beskerm.*
*Lig die uitwerking van omgewingsdegradering in ons ekonomie en omgewing uit.*

**INLEIDING**

Planeet aarde sal nie in staat wees om toekomstige generasies te onderhou indien die gemeenskap, regering, besighede, ryk en arm lande nie saam staan en kreatief raak oor manier hoe om na die omgewing om te sien nie. √√
(Aanvaar enige toepaslike inleiding) (2)

**INHOUD**
- **Tegnologiese innovasies/Gebruik van nuwe tegnologie** √√ fokus op ekonomiese groei terwyl besoedeling in toom gehou word. √√
- **Vervang fossielbrandstowwe met volhoubare energiebronne** √√ soos wind, getybeweging, branderbeweging, sonenergie en hidro-energie, ens. √√
- **Verbeter doeltreffendheid in die gebruik van skaars hulpbronne** √√ in produksieprosesse en ontwikkel stelsels om afval in alle vorme deur herwinning te verminder. √√
- **Ontwikkel prosesse om nywerheids-afval mee te behandel** √√ en beheer die storting daarvan. √√

- **Voorsien spesifikasies aan produkontwikkelaars** √√ om substituut-goedere te produseer wat omgewingsvriendelik is, bv. degradeerbare houers. √√
- **Prysbeleid:** √√ Dit handel oor toenames in die prys van nie-hernieubare hulpbronne om die ondoeltreffende gebruik daarvan te ontmoedig. √√
- **Beperk aanbod en verhoog prys om die vraag na fossielbrandstowwe te laat daal**, √√ en mense sal dan na hernieubare hulpbronne oorskakel. √√ Prysbeleid kan ook gebruik word om nywerhede ŉ besoedelingsheffing te laat betaal of ŉ uitlatingsfooi vir enige besoedeling wat hulle mag veroorsaak. √√
- **Openbare mening**: √√ Openbare mening kom van die vorming van drukgroepe en omgewingsorganisasies, wat veg vir die beskerming van die omgewing. √√ Regerings en besighede word genoodsaak om kennis te neem van openbare menings wat deur hierdie drukgroepe uitgespreek word. √√
- **Regeringsoptrede**: √√ Die departement van omgewingsake neem die leiding in omgewingsake, en doen die volgende om te probeer om die omgewing te beskerm: √√ nasionale Mariene-week, Mense en Parke konferensie, Skoon Vure veldtog, wêreld- en omgewingsverandering webtuistes vir inligting, afval-beheer, ens. √√
- **Toepassing van wette:** √√ **Konferensie en die Wet op Afvalbestuur** √√ Die Suid-Afrikaanse regering het die volgende wette ingestel: Wet op Lugkwaliteit, Wet 39 van 2004, Wet op Biodiversiteit, Wet 10 2004, Afvalwet, Wet 59 van 2008 maak voorsiening vir die afname in die skepping van en omgewings-invloed van alle soorte afval. √√ Wet van Geïntegreerde Kusbestuur, Wet 24 van 2008. √√
- **Vermindering van voertuig uitlaatgasse**: √√ Kopenhagen se Klimaatsraad het ŉ waarskuwing aan die wêreld uitgereik dat daar ŉ daling in koolstofvrystellings moet wees, anders sal daar onomkeerbare veranderinge in die klimaat plaasvind. √√ (Enige 26) (26)

**ADDISIONELE GEDEELTE**

*Beklemtoon die invloed van omgewings degradering op die ekonomie en gemeenskap*

- **Verhoogde lugbesoedeling**: √ Toenemende lugbesoedeling en afnemende lug-kwaliteit is skadelik vir mense se gesondheid. √√
- **Toenemende gronderosie** √
- **Toenemende verbruik van natuurlike kapitaal**: √ Suid-Afrika gebruik sy natuurlik kapitaal op as gevolg van oorverbruik. √√
- **Verhoogde verlies aan biodiversiteit**. √
- **Klimaatsverandering**: √ Die hoofoorsaak van klimaatsverandering en aardverwarming, is in besonder, bv. die toenemende verbranding van fossiel-brandstowwe soos gas en steenkool. √√
- **Agteruitgang van varswaterbronne**. √√ (Enige 10) (10)

**SLOT**

Dit is noodsaaklik dat alle sektore in die ekonomie na die omgewing moet omsien, vir alle toekomstige generasies om te geniet, soveel as wat hulpbronne benodig word vir produksie, moet ons versigtig wees en dit spaarsamig gebruik. √√

(Aanvaar enige toepaslike slot) (2)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**